Entrepreneurshoekie.

Stuur gerus versoeke vir bekendstelling in na Colleen: admin@gksasolburg.co.za of na Omgeegroep: gksasolburg@mweb.co.za So dikwels as wat ons kan maak ons plek daarvoor. Die doel is ook dat ons mekaar beter kan leer ken.

Semone Pienaar - 084 6426597: For all your Annique Rooibos Products or to become a Consultant.
Riana Nel (063 731 9399/ 081 510 7938) doen naaldwerk bv. omsoom, ritssluiters en herstelwerk aan klere. Kontak haar gerus.
Aileen Gouws (082 333 1333) pas graag jou huis en diere teen vergoeding op as jy met vakansie of naweek weg is! Ook:
"Sien jy die volgende in jou kind?
- aandag word maklik afgelei/vergeetagtigheid
- sukkel om instruksies deur te voer/huiswerk klaar te kry
- vroetel/kan nie stilsit op een plek nie/onrustigheid
- uitskree van antwoorde voordat vrae klaar gevra is/onderbreek ander as hulle praat
- ongeduldigheid/humeuragtigheid

Kontak my om inligting te verkry oor Biolink Attention Training Aileen 0823331333"
Annetjie van der Westhuizen (0795435627) help met spyseniering, onthale.
Alet Koekemoer (0767338019) voorbereiding van maaltye en heerlike soppe vir die winter.
Debbie v Schalkwyk (0825987090) verkoop Sekelbos en kameeldoring braaihout . Daar is ook Charcoal, Brikette, vuuraanstekers en speserye. Koop ook gerus by haar skoonmaakprodukte soos skottlegoedseep, waspoeier en algemene skoonmaakmiddels. Debbie kyk ook teen vergoeding na vakansiegangers se huise/versorg diere/gooi plante nat
Werner Roos (0834466395) doen installasie van lugversorgers, dienste en herstelwerk.
Calvin Kotzé (0766037914) skilder baie goed. Hy maak 'n skildery wat by u kleurskema inpas. Kontak hom gerus.
Freda Redelinghuys (0826595523) maak spookasem vir enige geleentheid

(Indien u u naam wil verwyder/byvoeg, kontak gerus ook vir Colleen)

VERJAARSDAE

13 Aug Johan Kruger (Belydend)	0169761558
15 Aug Dirk Beukes (Belydend)	0169731628
17 Aug Conrad van Schalkwyk (Belydend)	0169760238

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

11 Augustus 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK D

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Teologiese Studentekas

WOORDBEDIENING

Nehemia 1-2 (83 Vertaling)
Fokusverse: Neh. 2:17-18 & 6:15-16 (83 Vertaling)

Tema: 'n Gesonde gemeente bly op God se missie vir hulle, met die oog gevestig op God se visie vir hulle.

- Inleiding:
  - Wat bedoel ons met God se missie en visie vir ons?
- Die geskiedenis van Nehemia vind plaas nadat die volk teruggekeer het uit ballingskap en die tempel herbou is.

- Nehemia verneem die mense in Judea kry bitter swaar, en word bespot, en die stad Jerusalem se mure is nog in puin (1:3)

- Die nuus ontstel vir Nehemia geweldig. (1:4)
    - Hy worstel biddend met die Here (1:5 e.v.)
    - En ook met God se Woord oor wat Hy wil vir sy volk (1:8-10)
    - Nehemia identifiseer biddend en uit God se Woord 'n gaping tussen waar hulle nou is, en waar God wil hê hulle moet wees.

- Nehemia gaan biddend na koning Artasasta met die roeping wat hy ontvang het, en dit vra waagmoed (2:4)
    - God verhoor Nehemia se gebed, maar gee ook nog baie meer! (2:7-9)

- Nehemia kom in Jerusalem aan en kry 'n duidelike prentjie van die omvang van die werk waartoe God hulle roep. (2:11-15).
    - God se missie vir hulle word duidelik omlyn.
- Nehemia hou 'n vergadering met die leiers van die volk en kommunikeer God se missie en visie aan hulle. (2:17)

    - Hy motiveer ook die leiers met die feit dat die missie en visie van God kom (2:18)

- Die bouwerk aan die muur begin. (Neh. 3)
    - Die hele volk uit alle stande werk entoesiasties en eendragtig saam vir die Here.
    - Dit is wat 'n duidelike Godgegewe missie en visie ook vir 'n gemeente kan doen.

- Teenstand van buite en binne tydens die bouwerk. (2:10, 19, 4:1-23, 5:1-6)
    - Dit vra wysheid en deursettingsvermoë om voort te gaan met God se missie en visie as daar teenstand is.

- Die muur word in 'n rekordtyd voltooi (6:15)
    - En God ontvang die eer! (6:16).

- Slot:
    - Ons Vlamvatproses en die rol wat God se missie en visie vir ons gemeente gaan speel!

VERGADERINGS

Die diensgroepvergaderings begin weer oor twee weke as volg. Al die vergaderings vind in die konsistorie plaas en om 18:00:

26 Aug – Omgeebedieningsraad (OBR)
28 Aug – Uitreikingsbedieningsraad (UBR
29 Aug – Groepebedieningsraad (GBR)
2 Sept – Erediensbedieningsraad (EBR)
4 Sept – Adminbedieningsraad (ABR)
9 Sept – Ouderlingvergadering

Dit is dalk bietjie vroeg, maar die verskillende diensgroepe kan maar solank 'n begroting vir 2020 van hulle diensgroep opstel en aanstuur na Colleen Koekemoer (admin@gksasolburg.co.za), aangesien Danie Joubert stadig maar seker aan volgende jaar se begroting begin werk.

BETALINGS

Daar is steeds enkele betalings in die kerkraad se bankrekening sonder verwysings met slegs "Bydrae" as verwysing of "Jun/Jul bydrae", sonder enige verwysing na wie dit inbetaal. Hierdie betalings gaan ongelukkig nie reflekteer op u rekening nie, en indien u agterkom dat daar wel betalings gemaak is maar dit reflekteer nie op die ouderlinge se state nie, kan u gerus vir Colleen Koekemoer skakel en dit regstel.

VLAMVAT FANNING THE FLAME

Na aanleiding van die Vlamvat konferensie wat hier gehou is, het die kerkraad besluit om voort te gaan met die Fanning the Flame projek wat oor 'n periode van 14 maande gaan geskied. In kort is dit 'n mentorskap vir gemeentelike lewenskragtigheid. Ons vra elke persoon in die gemeente se spesiale voorbidding vir hierdie reis, voorbidding vir elke persoon in die gemeente, vir al die spanlede en spesifiek Ds Marcel.

HUWELIKSVERRYKINGSKURSUS

Die kursus word aangebied by ons kerk op 11 en 12 Oktober 2019 en is gratis. Bespreek voor 6 Okt by Therese 072 745 4554. Navrae: Hester 082 854 6316